

23 Februarie

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10**  
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:9, 10**

### **Gebou om te verkondig**

Jy is gebou om te hou. Jy is pasgemaak vir 'n bepaalde doel. God het jou spesiaal gevorm en as 'n lewende steen in sy geestelike huis ingemessel. Saam met jou medegelowiges is jy nou deel van God se tempel wat uit ons as mense bestaan.

Petrus beskryf hierdie geestelike huis van God, dit wil sê die kerk, as 'n *uitverkore volk* en 'n *koninklike priesterdom*, 'n *nasie wat vir God afgesonder* is. Dit beteken dat ons as gelowiges nie maar sommer 'n klomp mense is wat vanself of toevallig in 'n gemeente bymekaar is nie. Nee, Hy het ons spesiaal uitverkies (Ef. 1:4, 5) en ons afgesonder om in sy diens te werk. Boonop is ons nie sommer maar 'n gewone werksmag nie. Nee, ons is in die eerste plek 'n koninklike werksmag. Ons is saam met ons Here Jesus konings! Ons regeer saam met Hom, want ons is mos ledemate van sy liggaam.

Verder is ons priesters, want ons staan in die Here se diens. Hy woon deur sy Gees in ons elkeen se liggaam en daarom is ons elkeen 'n tempel van God. Ons hele lewe is daarom priesterdiens. Paulus skryf aan die Romeine in hoofstuk 12:1: *En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat Hom aanneemlik is. Dit is die wesentlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.* Ons elkeen se hele lewe is offerdiens. Daarom moet ons onself voortdurend afvra wat die Here wil hê dat ons moet doen (Ef. 5:10, 17).

Petrus gee ons opdrag in geen onduidelike taal: *Julle is ... die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.* Ons taak is om met woord en daad te verkondig. Ons is gebou om mense in te lig oor God se verlossingsdade. Dit is immers die enigste manier hoe ons kan meewerk om God se lig helder te laat skyn.

*Sing: Skrifberyming 5-3:2*

*Dr. DJ de Kock (Krokodilrivier)*